BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Tyd, het ons ooit genoeg daarvan vir ons kinders?

Christa Badenhorst

'The bad news is time flies. The good news is you're the pilot' - Michael Altshuler

Ek het hierdie aanhaling eendag raak gelees en dit het my laat dink oor hoe kosbaar tyd is, veral tyd saam jou baba. Vir nege maande het elke Mamma daardie bondeltjie vreugde met groot sorg en liefde gedra. Soos die tyd nader kom vir Baba om gebore te word, word Mamma dikwels ongeduldig om haar liefkind te ontmoet en vas te hou. As Mamma maar net in haar ongemak en ongeduld weet hoe verlang mens weer na die tyd waar baba binne en veilig in die baarmoeder, teen die wêreld se aanslae beskerm was. Die tyd moet kom waar baba gebore word en dan is Mamma se hart vir altyd buite haar liggaam. Die aanpassing tot die nuwe manier van leef saam baba is opwindend maar ook uitdagend en soms wens Mamma dat baba net op 'n ouderdom kan kom waar hy of sy deurslaap, nie oral rond gedra hoef te word nie of iets op sy of haar eie kan doen; hoe min besef mens dan dat tyd die grootste rower is? Daardie tyd wat baba so klein en afhanklik is gaan so vinnig verby! Binne 'n kwessie van 'n paar maande leer Baba hoe om self te beweeg en dan wil Baba alles self doen. Vinnig besef Mamma dat haar Baba nie meer 'n baba is nie, maar 'n volwaardige klein mensie met 'n eie wil. Dikwels kom spyt te laat: "Hoekom het ek nie my baba net bietjie langer vas gehou nie? Hoekom het ek nie net bietjie langer na hom gesit en kyk toe hy geslaap het nie? Hoekom het ek nie net 'n bietjie langer haar babareuk ingeasem nie?" Dan ontstaan die groot verlange na 'n tyd wat net te vinnig verby gegaan het.

Met BabaGim® word die geleentheid geskep om net 'n bietjie meer tyd met baba te geniet en om in die proses baba se ontwikkeling verder te stimuleer. Hierdie kosbare tyd vind in die klasse plaas maar ook tussen klasse wanneer Mamma of Pappa die vaardighede wat geleer is in die klas, kan toepas en dan net 'n bietjie langer masseer of speel en sodoende die band tussen ouer en baba versterk. Soos die aanhaling aan die begin sê, JY bepaal hoe jou tyd benut word, so in vandag se gejaagde lewe maak die keuse om net 'n bietjie langer jou baba vas te hou, sy reuke in te asem en elke ontwikkelingsmylpaal te waardeer, want een van die dae is hierdie kosbare tyd verby en al wat dan oorbly is die herinneringe van die verlede.